# 10 November 2023 - Lesing 172 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Tekens van die eindtyd **–** 3/11/60

**NO: 7737** Julle sal ook op **ongewone wyse** deur My aangespreek word.

Joel 2

*28 En daarna sal Ek **My Gees uitgiet** op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle oues drome droom, julle jongelinge visioene sien. [JeségiEl 13:11-13; MattithJaHûW 16:3]*

*29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae **My Gees uitgiet**. [JeségiEl 24:27]*

*30 En Ek sal **wondertekens** gee aan die Hemele en op die Aarde: bloed en vuur en pilare van rook.*

*31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van JaHWeH kom.*

*32 **En elkeen wat die Naam van JaHWeH aanroep, sal gered word**; want op die **Berg van Sion en in Jerusalem** sal daar ontkoming wees soos JaHWeH gesê het, en onder die oorblyfsel van die wat JaHWeH sal roep.*

En julle moet op die tekens let wat julle sal sien aan die Hemel en op aarde, want alle groot gebeurtenisse werp hulle skadu vooruit. En daaraan sal julle al kan sien in welke uur julle leef, want die korrekte tyd kan nie vir julle gegee word nie, aangesien julle nie meer in staat sou wees om julle lewe op aarde tot op die einde te leef nie. Want van angs sou julle vergaan, - of julle sou julle lewe voor die tyd self beëindig.

**Daarom hoef julle die profete wat vir julle ‘n bepaalde tyd aangee waarin die oordeel sal plaasvind, nooit te glo nie, want hulle is valse profete** en hulle bring slegs die denke van die mense in verwarring.

Julle moet egter ag slaan op die tekens wat Ek vir julle aangekondig het. Want om My Naam ontwil sal daar voor die tyd nog ‘n stryd ontbrand en julle, My dienare op aarde, sal tot verantwoording geroep word. Dit is ‘n seker teken dat die laaste dag nie lank daarna sal aanbreek nie, want Ek het gesê: “*Ek sal die dae verkort”*. -

**Want hierdie stryd sal met alle growwe geweld gevoer word, sodat Ekself sal moet kom om dit te beëindig**.

En Ek sal kom. **Julle hoef hierdie stryd nie te vrees nie**, omdat Ek julle sal uitrus met groot krag, terwille van hulle wat nog swak of besluiteloos is en wat vir julle as voorbeeld kan neem om nog die weg na My toe te vind.

Maar sodra die geloofstryd sigbaar word, wat in alle dele van die aarde kenbaar sal wees, sal ook die aktiwiteit van My teenstander so duidelik wees dat Hy gekluister moet word.

Want dan word dit vir alle mense op aarde moeilik gemaak om hul geloof in één God en Skepper, Wie Hemel en aarde regeer, te behou.

Dan sal My Mag hom openbaar en My Wysheid sal waarlik doen wat goed is, **om die aarde weer as ‘n skool vir die gees te laat word**. Want dan het ‘n tydperk tot ‘n einde gekom en ‘n nuwe tydperk sal begin vir dié mense wat Ek as **stam van die nuwe geslag,** sal wegneem **voor die einde**.

En dan sal daar weer ‘n **paradysagtige toestand** wees waarin alle mense sal lewe in liefde tot My, sodat Ek in hulle midde kan vertoef soos wat Ek dit beloof het aan hulle wat sal volhard tot die einde toe en hulle sal salig word.

Dat daar ‘n tyd van ellende oor die aarde egter vooraf moet plaasvind, is onafwendbaar, omdat daar nog enkeles gered sal word en verlossing sal vind in JaHshua Messias, **wie se Naam daarom vooraf nog in die hele wêreld verkondig sal word**. Maar die tyd van droefnis sal daarom reeds aangebreek het en die wêreld sal nog baie ellende belewe.

Myne sal egter die tyd herken en sal hulleself hou aan My. En Ek sal hulle waarlik versterk en hulle te alle tye hulp verleen as hulle sal dreig om swak te word, **want Ek sal Self aan hulle sy staan en gaan as “Leëraan-voerder”** vooruit. En daarom sal hulle ook oorwin-naars bly in hierdie laaste stryd, want hulle sal deur **My krag** standhou en hoop op **My koms**. Hulle sal standhou tot die einde toe, want wie se krag te swak is, **roep Ek nog op vóór die tyd**, want Hy mag My teenstander nie ten offer val nie.

**Maar julle moet voortdurend vir vermeerdering van krag bid**. Julle moet steeds met My verbonde bly. Dan sal hierdie moeilike tyd ook by julle verbygaan en My koms sal julle red uit elke nood.

Julle sal ingaan in ‘n **Ryk van vrede** en die nuwe aarde sal julle opneem in alle prag en glansrykheid. Julle sal in My en met My ‘n nuwe lewe begin en Ek sal by julle vertoef soos wat Ek dit beloof het. Amein.